View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

# WÊRELDGEBEURE.

## 'N NUWE FASE IN DIE WÊRELDGESKIEDENIS.

Sedert ons vorige oorsig het ons oorgegaan van die „koue" oorlog na die „lou" stadium, sonder dat iemand nog in staat is om te voorspel

smarte.

In 1946 het skrywer hiervan die heruitsending van 'n toespraak van pres. Truman voor die V.V.O. aangehoor. O.m. het die president verklaar: „This talk of a third world war is unwarranted and unjustified." Dit is nog maar vier jaar wat verloop het en Amerika verkeer alweer prakties in 'n staat van oorlog. Terwyl daar nog 'n skreiende woningnood is, kry verdediging die voorkeur wat boumateriaal betref!

Amerika wat so lank sy Monroe-leer uitgeleef het, veg nou ver van sy tuiste op die vasteland van Asië. En die hele Westerse wêreld is dit blykbaar eens dat geweld hier met geweld beantwoord moet word. Ook Suid-Afrika, wat nog deur sy hele geskiedenis teen 'n „rooi" imperialisme ingeworstel het, staan nou in een span met sy vroeëre bestryder, om 'n ander, veel vreesliker, „rooi" imperialisme te bekamp. Daarin sien ons die nuwe fase wat met 1950 begin, presies in die helfte van die eeu wat Huizenga genoem het: „deze vreselijkste van alle eeuwen." Van nou af sal alles toespits op die vraag: **vryheid** of **slawerny.**

Dit skyn of hier en daar nog enige onsekerheid bestaan met betrekking tot die Komunisme, en die optrede van die Westerse volke in Asië. Kerklike leiers soos Barth, Niemöller, Hromadka e.a. neem 'n heel eienaardige houding in. Daar word deur hulle gewys op die „goeie punte" in die Kommunisme, o.m. op die sosiale hervorminge wat nou in China aan die gang is en deur sekere leiers van die Wêreldraad van Kerke word selfs poginge aangewend om Marxisme met die Bybel te versoen.

Laat ons egter op hierdie punt vir ons geen illusies maak nie. As Kommunisme bloot 'n sosiaal-ekonomiese stelsel was, kon 'n mens dit miskien 'n geleentheid gegee het om te toon hoe die euwels van die kapitalistiese stelsel weggeruim kan word. Maar dit is 'n **godsdiens** waarmee ons te doen het—in die woorde van velm. Smuts: 'n duiwelse evangelie!

Ons hoor baie van hervorminge in China asook van vryheid van godsdiens en spraak onder die rooi regime. Dit is egter maar die een kant van die medalje. Mao-tse-Tung, die Stalin van China, het dit duidelik gesê: „vryheid vir die volk, maar diktatuur vir hulle wat handel in stryd met die belange van die volk." „Die volk" is hulle wat slaafs aan die Kommunistiese leerstellinge onderworpe is. Hulle sal „vryheid" geniet, soos die leeu in die dieretuin!

Twyfelmoediges vra ook: wat het ons in Oos-Asië te doen? Laat Asië vir die Asiaat! Oppervlakkig beskou skyn dit 'n logiese redenering. Dit kan egter alleen geldig wees as Asië die Weste met rus sou laat. Hier lê juis die knoop. Die Kommunisme beoog 'n **wêreldrewolusie.** En mense wat hierdie ideologie aanhang verstaan blykbaar geen ander taal as geweld nie. Om met hulle ooreenkomste aan te gaan, is verspilling van tyd.

Of die beslissing van die Veiligheidsraad van die V.V.O. nou al wettig of onwettig is, dit maak geen wesentlike verskil nie. Dat Korea so kunsmatig verdeel is, volg regstreeks uit die Kommunistiese sloerpolitiek en Amerika verdien die dank van die hele Westerse wêreld—asook van die Christendom—vir sy ferme optrede. Die jong manne wat hulself daar offer, doen dit vir u en vir my. 'n Ere-saluut ook aan die soldate van ander volke! En aan ons S.A. vrywilligers!

Let wel: Amerika (of selfs die hele Westerse wêreld) is nie sinoniem met die Christendom nie! Ver daarvandaan! Wat ons „Amerikanisme" noem, word deur die ware Christene ook in Amerika verafsku. Maar: onder die leierskap van die Weste is tog 'n beskaafde lewe moontlik en kan 'n mens God dien na jou oortuiging. Daarom sê ons: die stryd gaan

oor: vryheid of slawerny! Die Kommunis belowe 'n paradys, maar die mense vlug van hierdie paradys in Westelike rigting.

Dit gaan 'n stryd om lewe en dood in Korea word. Ons kan alleen maar bid dat die Kommunisme hier nie seëvier nie. Want dan sal dit aan alle kante oorkook. As Tibet in beslag geneem is, staan die Kommunisme op die rand van Indië. En Nehru—die Asiaat—hink op twee gedagtes, hoewel dit duidelik is waar sy simpatieë lê.

Europa se posisie is blykbaar wanhopig—sover 'n mens kan oordeel—in die geval van 'n derde wêreldoorlog. Dit word bereken dat Rusland Europa binne 'n paar dae kan oorstroom en wel met 175 divisies. Al sou daar 'n Europese leër kom, waarop Churchill so aandring, Wes-Duitsland ingesluit, kan hierdie getal nie bereik word nie. En wat nog van die toerusting?

Onder hierdie omstandighede is België besig om sy krag te verteer in onderlinge stryd, waarin Moskou ook wel sy hand sal hê. Intussen het die Schumann-plan nog nie gematerialiseer nie en het 'n Brit met 'n ander voorstel gekom wat „'n natuurlike dood gesterf het."

En Afrika? Dit lyk of die donker Kontinent maar nie kan wakker word nie. Op die vergadering van die „Raad van Europa" is so pas planne aan die hand gedoen vir „Die Verenigde State van Afrika," waarin o.m. geen rassediskriminasie sal wees nie! Sonder dat die Westerse leiers dit besef speel hulle in die hande van die Kommunisme! Nee, Afrika moet self sy sake behartig. Ons regering is ernstig besig, getuie die benoeming van 'n amptenaar om vervoer in Afrika te koördineer, die pan-Afrikaanse kongresse, die besoeke van adv. te Water, die ooreenkomste met Rhodesië's, die reis van min. Erasmus na Europa met die oog op verdediging ens. Suid-Afrika neem waarlik die leiding op die Kontinent van Afrika. Die verklaring van min. Erasmus dat 'n aanval op enige gebied in Afrika, 'n aanval op die Unie sal beteken, is van groot gewig. Die blankes van Afrika moet organiseer soos sir Alfred Vincent van Kenia so pas verklaar het. En dan kan hulle in verbond tree met die ander Westerse lande om hierdie groot vasteland te ontwikkel—tot die welsyn ook van die miljoene naturelle.

Die ontsettende aardbewing in Asië en die vulkaniese uitbarsting in Kenia toon dat daar nie alleen vuur op die oppervlakte van die aarde is nie, maar dat ook sy ingewande in onstuimigheid kook. Selfs die mees ongelowige moet onder hierdie omstandighede diep dink. Die boek Openbaring sal vir menigeen meer realiteit begin verkry.

Wat die verwagte wêreldoorlog betref is daar een ligpunt in die feit dat Rusland dit in oorlogstyd blykbaar baie moeilik sal vind om voedsel

vir sy miljoene slawe te voorsien. Die Kremlin speel dan ook 'n fyn spel: stook oral moeilikheid en laat die inheemse volke veg! Dan is Rusland mos nie die agressor nie! Dis 'n nuwe, subtiele soort imperialisme. Die vraag is net hoe lank hierdie spel kan duur. Sal die dag nie kom dat die Westerse moondhede tot die uiterste van hul geduld geterg word en dan maar beslis optree nie?

**SUID-AFRIKA.**

Belangrike gebeurtenisse in ons vaderland gedurende die afgelope twee maande is: die merkwaardige herstel van die Unie se ekonomiese posisie; die leierskapsdebakel in die V.P.; die houding van die regering t.o.v. die Koreaanse krisis; die vyf-en-sewentigjarige Jubileum van die G.R.A., die Kongres van die Afrikanerparty; die uitspraak van die Wêreldhof i.v.m. Suidwes en die eleksiekoors.

Sommige Afrikaners vind dit vreemd dat die regering sy eerste besluit heroorweeg het en tog vliegtuie, met hul bemanning, na Korea stuur. Op grond van ons kensketsing van die huidige wêreldsituasie kan ons egter nie sien hoe ons owerheid anders kon gehandel het nie. Ons staan voor 'n heeltemal ander situasie as in 1939 en waar daar so'n groot eenheid is t.o.v. die wêreldbedreiging, kan ons nie pleit op afstand en kleinheid nie. Die eerste besluit het dan ook skerp kritiek uitgelok. Intussen is dit verstandig dat die verdedigingsmag opgeknap word met die oog op verdediging van ons land.

Die ernstige siekte van genl. Smuts het die gebrek aan 'n groot leier by die V.P. prominent op die voorgrond gebring. Daar is wel bekwame Engelse, maar dit moet per se 'n Afrikaner wees „to ‚draw the platteland vote." Die vryery van Barlow e.a. na min. Havenga is vir die minister onplesierig waar hy so heelhartig verklaar het dat die samewerking met die H.N.P. voortduur.

Die Kongres van die A.P. het in 'n goeie gees vergader en duidelik verklaar dat uiteindelike eenwording die ideaal is. Dr. van Rensburg was op die Kongres 'n prominente figuur en ons kan derhalwe aanneem dat O.B.-lede wat by die A.P. aangesluit het, hulle met die besluite vereenselwig. Prof. D. J. van Rooy het as waarnemende K.G. ook onlangs in 'n versoenende gees geskrywe, sodat slegs wysheid nodig is om te verkry dat die Afrikanerdom met 'n verenigde front kan optrek. In 1941 het H.N.P. en O.B. 'n basis van samewerking gevind. Sal die A.P. hom ook by 'n dergelyke basis kan neerlê? Dan is die saak beklink.

Die groot struikelblok is by die A.P. blykbaar die kwessis van „grondwetlike stabiliteit," wat tans kristalliseer om die saak van kleurlingverteenwoordiging in die Parlement. Min. Havenga het beswaar dat

die verteenwoordiging van die kleurlinge by drie vasgepen sal word. O.i. kan vir hierdie sake wel 'n oplossing gevind word in 'n rustige akademiese sfeer. Die kernvraag sal wees: Wat is Hertzogisme, waarop die A.P. (asook dr. Van Rensburg) hom grond en waarin verskil dit van die beleid van die H.N.P.? Adv. Strauss verklaar dat dit hom „seermaak" as min. Havenga hom gedurig op genl. Hertzog beroep. Genl. Smuts praat ook dikwels van: „genl. Hertzog en ek." Terwille van die nagedagtenis van hom wat vir die Afrikaner baie gedoen het, is helderheid nodig. En as ons helderheid het kom die vraag: is die leer van genl. Hertzog 'n petrefak? Sou hy nie ook met omstandighede rekening gehou het nie? Republikeine veral moet op hul hoede wees om „grondwetlike stabiliteit" nie sodanig te beklemtoon dat 'n Republiek 'n onmoontlikheid word nie. Dit vereis immers 'n heeltemal nuwe konstitusie, veral as ons dink aan die ooreenkoms van 1941. Die H.N.P. begeer ook 'n sekere stabiliteit, daarin dat die Party die Republiek nie op revolusionêre wyse wil verkry nie, maar na 'n besliste opdrag daartoe deur die volk.

Suidwes sal op 30 Augustus moet beslis of dit deur die V.P. aan die V.V.O. gekoppel wil word, dan wel of dit vry wil wees en saam met die Unie wil werk. Dit blyk dat die politiek van genl. Smuts die uitspraak van die wêreldhof tot 'n groot mate beïnvloed het. Dit is 'n blote **veronderstelling** dat die V.V.O. die opvolger van die Volkebond is, maar genl. Smuts het dit blykbaar as vanselfsprekend beskou. As ons egter die V.V.O. nie as opvolger van die Volkebond beskou nie, mag ons ons ook nie op die mandaat van die Volkebond beroep vir die **voorregte** wat dit t.o.v. Suidwes bied nie. Die noue aaneensluiting van Suidwes en die Unie is 'n doodnatuurlike saak. Die belange beidersyds verg dit.

Suidwes en Klerksdorp sal toon in watter rigting die politieke wind waai. Die uitslag kan niemand voorspel nie, maar daar is alle aanduidinge dat daar 'n fris nasionale wind oor die land waai. Ons dink bv. aan die feit dat meer geld as ooit tevore vir die politieke stryd versamel is en aan die verdwyning van die Suiderstem en die Volkstem in dagbladvorm, wat bewys dat nie genoeg lesers gevind kan word nie.

Die hoofsom van alles wat ons gehoor het vind ons treffend in 'n paar uitsprake van die blad „Round Table," (Junie 1950) wat ons hier in die oorspronklike taal weergee: „In opposing the insurgent fervour of Communism throughout the world the West is still constantly hampered by its own lack of self-assurance. To the political vacuum which has opened in Asia through the imperial withdrawal corresponds an intellectual vacuum inherited by Western thought itself. Only now are we beginning to realise the full implications of the strain of nihilism in the

philosophy of the eighteenth and nineteenth centuries. Those ages believing that they had emancipated themselves from any need for the transcendental affirmations of the elder Christendom, succeeded na doubt in generating a variety of intellectual systems by which men of intellectual pretentions could live (dit is die vraag! S.d.T.); but they left to the mass of humanity nothing but the unproved dogma of inevitable progress to take the place of a philosophy of life . . . . The deadly threat of totalitarianism is its apparent success in transforming human nature. ·It makes a new kind of man, one who has been born again, and has become spiritually invulnerable to ideas outside his faith. The civilization of Western Europe itself also once rested on the belief that man can be born anew . . . Until in some way the offensive spiritual armament of religion is added to the defensive armament of a political philosophy it is unlikely that the West will be able to confront the Communist world on equal terms."

Potchefstroom. S. DU TOIT.
23 Augustus 1950.